


THE PROVINCE OF
GAUTENG



DIE PROVINSIE
GAUTENG

Provincial Gazette Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: R2,00
Other countries • Buitelands: R2,60

Vol. 3

PRETORIA, 12 NOVEMBER 1997

No. 407

Which includes / Waarby ingesluit is—

A

PROCLAMATIONS

PROKLAMASIES

PREMIER'S NOTICES

PREMIERSKENNISGEWINGS

GENERAL NOTICES

ALGEMENE KENNISGEWINGS

B

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES **PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWINGS**

TENDERS

TENDERS

PROVINCIAL GAZETTE OF GAUTENG PROVINSIALE KOERANT VAN GAUTENG

(Published every Wednesday) • (Verskyn elke Woensdag)

With regard to accounts, subscriptions and renewal of subscription, all correspondence must be addressed to the **Head: Corporate Services, Gauteng Provincial Gazette, Private Bag X61, MARSHALLTOWN, 2107**. If delivered by hand, it must be handed in on the **Fifth Floor, East Wing, 30 Simmonds Street, Johannesburg**.

With regard to notices, all correspondence must be addressed to the **Head: Corporate Services, Gauteng Provincial Gazette, Private Bag X64, PRETORIA, 0001**. If delivered by hand, it must be handed in on the **Sixth Floor, Room 628 Old Poynton Building, Church Street, Pretoria**.

Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of notices will not be supplied.

SUBSCRIPTION RATES (PAYABLE IN ADVANCE) WITH EFFECT FROM 1 APRIL 1997

Gauteng Provincial Gazette (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

- ▶ Yearly (post free) = **R114,00**.
- ▶ Price per single copy (post free) = **R2,00 each**.
- ▶ Zimbabwe and other countries, yearly (post free) = **R140,00**.
- ▶ Zimbabwe and other countries, per single copy (post free) = **R2,60 each**.

Obtainable at the **Head Office, Fifth Floor, East Wing, 30 Simmonds Street, Johannesburg**, or at the **Regional Office, Sixth Floor, Room 628, Old Poynton Building, Church Street, Pretoria, 0002**.

NOTICE RATES AS FROM 1 APRIL 1997

Notices required by Law to be inserted in the *Provincial Gazette*:

Double column:

R14,30 per centimetre or portion thereof.
Repeats = R11,00.

Subscriptions are payable in advance to the Head: Corporate Services, Gauteng Provincial Gazette, Private Bag X61, Marshalltown, 2107

V. MNTAMBO

Head: Corporate Services

Alle korrespondensie met betrekking tot rekeninge, intekenare en hernuwing van intekengelde, moet aan die **Hoof: Korporatiewe Dienste, Gauteng Provinsiale Koerant, Privaatsak X61, MARSHALLTOWN, 2107**, geadresseer word. Indien per hand afgelewer, moet dit by die **Vyfde Verdieping, Oos Vleuel, Simmondsstraat 30, Johannesburg**, ingedien word.

Alle korrespondensie met betrekking tot kennisgewings, moet aan die **Hoof: Korporatiewe Dienste, Gauteng Provinsiale Koerant, Privaatsak X64, PRETORIA, 0001**, geadresseer word. Indien per hand afgelewer, moet dit by die **6de Verdieping, Kamer 628, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, Pretoria**, ingedien word.

Gratis eksemplare van die *Provinsiale Koerant* of uitknipsels van kennisgewings word nie verskaf nie.

INTEKENGELD (VOORUITBETAALBAAR) MET INGANG 1 APRIL 1997

Gauteng Provinsiale Koerant (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

- ▶ Jaarliks (posvry) = **R114,00**.
- ▶ Prys per eksemplaar (posvry) = **R2,00 elk**.
- ▶ Zimbabwe en buitelande, jaarliks (posvry) = **R140,00**.
- ▶ Zimbabwe en buitelande, per eksemplaar (posvry) = **R2,60 elk**.

Verkrygbaar by die **Hoofkantoor, Vyfde Verdieping, Oos Vleuel, Simmondsstraat 30, Johannesburg**, of by die **Streekkantoor, Sesde Verdieping, Kamer 628, Ou Poynton-gebou, Kerkstraat, Pretoria, 0002**.

KENNISGEWINGTARIEWE MET INGANG VAN 1 APRIL 1997

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Provinsiale Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom:

R14,30 per sentimeter of deel daarvan.
Herhaling = R11,00.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Hoof: Korporatiewe Dienste, Gauteng Provinsiale Koerant, Privaatsak X61, Marshalltown, 2107.

V. MNTAMBO

Hoof: Korporatiewe Dienste

CONDITIONS FOR PUBLICATION VOORWAARDES VIR PUBLIKASIE

CLOSING TIMES FOR THE ACCEPTANCE OF NOTICES

1. The *Provincial Gazette* is published every week on Wednesdays and the closing time for the acceptance of notices which have to appear in the *Provincial Gazette* on any particular Wednesday, is **10:00 on the Tuesday two weeks before the Gazette is released.** Should any Wednesday coincide with a public holiday, the date of publication of the *Provincial Gazette* and the closing time of the acceptance of notices will be published in the *Provincial Gazette*, from time to time.

2. (1) Copy of notices received after closing time will be held over for publication in the next *Provincial Gazette*.

(2) Amendment or changes in copy of notices cannot be undertaken unless instructions are received **before 15:30 on Wednesdays one week before the Gazette is released.**

THE GOVERNMENT PRINTER INDEMNIFIED AGAINST LIABILITY

3. The Government Printer will assume no liability in respect of—

- (1) any delay in the publication of a notice or publication of such notice on any date other than that stipulated by the advertiser;
- (2) any editing, revision, omission, typographical errors resulting from faint or indistinct copy.

LIABILITY OF ADVERTISER

4. Advertisers will be held liable for any compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Government Printer in consequence of the publication of any notice.

SLUITINGSTYIE VIR DIE AANNAME VAN KENNISGEWINGS

1. Die *Provinsiale Koerant* word weekliks op Woensdae gepubliseer en die sluitingstyd vir die aanname van kennisgewings wat op 'n bepaalde Woensdag in die *Provinsiale Koerant* moet verskyn, is **10:00 op die Dinsdag twee weke voordat die Koerant vrygestel word.** Indien enige Woensdag saamval met 'n openbare vakansiedag, verskyn die *Provinsiale Koerant* op 'n datum en is die sluitingstye vir die aanname van kennisgewings soos van tyd tot tyd in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

2. (1) Kopie van kennisgewings wat na sluitingstyd ontvang word, sal oorgehou word vir plasing in die eersvolgende *Provinsiale Koerant*.

(2) Wysiging van of veranderings in die kopie van kennisgewings kan nie onderneem word nie tensy opdragte daarvoor ontvang word **voor 15:30 op Woensdae een week voordat die Koerant vrygestel word.**

VRYWARING VAN DIE STAATSDRUKKER TEEN AANSPREEKLIKHEID

3. Die Staatsdrukker aanvaar geen aanspreeklikheid vir—

- (1) enige vertraging by die publikasie van 'n kennisgewing of vir die publikasie daarvan op 'n ander datum as dié deur die adverteerder bepaal;
- (2) enige redigering, hersiening, weglating, tipografiese foute of foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan.

AANSPREEKLIKHEID VAN ADVERTEERDER

4. Die adverteerder word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat ontstaan uit enige aksie wat weens die publikasie van 'n kennisgewing teen die Staatsdrukker ingestel mag word.

COPY

5. Copy of notices must be TYPED on one side of the paper only and may not constitute part of any covering letter or document.

6. All proper names and surnames must be clearly legible, surnames being underlined or typed in capital letters. In the event of a name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the notice will be republished only upon payment of the cost of a new insertion.

PLEASE NOTE: ALL NOTICES MUST BE TYPED IN DOUBLE SPACING, HANDWRITTEN NOTICES WILL NOT BE ACCEPTED

7. In the event of a notice being cancelled, a refund will be made only if no cost regarding the placing of the notice has been incurred by the Government Printing Works.

PROOF OF PUBLICATION

8. Copies of the *Provincial Gazette* which may be required as proof of publication may be ordered from the Gauteng Provincial Administration at the ruling price. The Gauteng Provincial Administration will assume no liability for any failure to post such *Provincial Gazette(s)* or for any delay in dispatching it/them.

KOPIE

5. Die kopie van kennisgewings moet slegs op een kant van die papier GETIK wees en mag nie deel van enige begeleidende brief of dokument uitmaak nie.

6. Alle eiename en familiename moet duidelik leesbaar wees en familiename moet onderstreep of in hoofletters getik word. Indien 'n naam verkeerd gedruk word as gevolg van onduidelike skrif, sal die kennisgewing alleen na betaling van die koste van 'n nuwe plasing weer gepubliseer word.

LET WEL: ALLE KENNISGEWINGS MOET GETIK WEES IN DUBBELSPASIËRING, HANDGESKREWE KENNISGEWINGS SAL NIE AANVAAR WORD NIE.

7. By kansellasië van 'n kennisgewing sal terugbetaling van gelde slegs geskied indien die Staatsdrukkery geen koste met betrekking tot die plasing van die kennisgewing aangegaan het nie.

BEWYS VAN PUBLIKASIE

8. Eksemplare van die *Provinsiale Koerant* wat nodig mag wees ter bewys van publikasie van 'n kennisgewing kan teen die heersende verkoopprijs van die Gauteng Provinsiale Administrasie bestel word. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir die versuim om sodanige *Provinsiale Koerant(e)* te pos of vir vertraging in die versending daarvan nie.

Please Note

From now on applications for township establishment etc. which were previously published as a *Provincial Gazette Extraordinary*, will be published in the ordinary weekly *Provincial Gazette* appearing on Wednesdays.

Neem kennis

Voortaan sal aansoeke om dorpsstigting ens. wat voorheen as 'n *Buitengewone Provinsiale Koerant* gepubliseer was, in die gewone weeklikse *Provinsiale Koerant* op Woensdae verskyn.

GENERAL NOTICES • ALGEMENE KENNISGEWINGS

NOTICE 3246 OF 1997

CITY COUNCIL OF PRETORIA

I, Christoffel Davel, of the firm F. Pohl & Partners Inc., being the authorised agent of the owner of Remainder of Portion 392, Garsfontein 374 JR, hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that I have applied to the City Council of Pretoria for the amendment of the town-planning scheme in operation known as Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of the property described above, situated at the north-westerly corner of Atterbury Road and General Louis Botha Drive from "Public Street" to "Special" for the purposes of a motor showroom and motor sales market, which include a workshop that is related and subservient to the mentioned uses excluding panelbeating and spraypainting, subject to certain conditions and the south-westerly corner of Atterbury Road and General Louis Botha Drive, from "Public Street" to "Special" for a nursery, for the selling of poisons, fertilizer and manure, pot-plant holders, garden furniture, garden tools (excluding power tools) and as a tea-room with a maximum floor area of 100 m² for visitors to the nursery; and with the consent of the Council, for other uses which in the opinion of the Council are subordinate and related to the primary uses, subject to certain conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: City Planning and Development, Land Use Rights, Application Section, Ground Floor, Boland Bank Building, corner of Paul Kruger and Vermeulen Streets, Pretoria, for a period of 28 days from 5 November 1997 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Executive Director at the above address or at P.O. Box 3242, Pretoria, 0001, within a period of 28 days from 5 November 1997.

Address of authorised agent: F. Pohl & Partners Inc., 461 Fehrsen Street, Brooklyn; P.O. Box 650, Groenkloof, 0027.

KENNISGEWING 3246 VAN 1997

STADSRAAD VAN PRETORIA

Ek, Christoffel Davel, van die firma F. Pohl & Vennote Ing., synde die gemagtigde agent van die eienaar van Restant van Gedeelte 392, Garsfontein 374 JR, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat ek by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema in werking bekend as Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë op die noordwestelike hoek by die kruising van Atterburyweg en Generaal Louis Bothalaan, van "Openbare Straat" tot "Spesiaal" vir die doeleindes van 'n motorvertoonlokaal en motorverkoopmark wat insluit 'n werkwinkel wat aanverwant en ondergeskik is aan die vermelde gebruike, uitgesluit duiklopp- en spuitverwerk, onderworpe aan sekere voorwaardes en die suidwestelike hoek by die kruising van Atterburyweg en Generaal Louis Bothalaan, van "Openbare Straat" tot "Spesiaal" vir 'n kwekery, vir die verkoop van gifstowwe, kunsmis en mis, potplanthouers, tuinmeubels, tuingereedskap (uitgesonderd masjiengereedskap) en as teekamer met 'n maksimum vloeroppervlakte van 100 m² vir besoekers aan die kwekery; en, met die toestemming van die Raad, vir ander gebruike wat na die mening van die Raad, ondergeskik en aanverwant aan die primêre gebruike is, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Departement Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Grondgebruiksregte, Aansoekadministrasie, Grondvloer, Boland Bankgebou, hoek van Paul Kruger- en Vermeulenstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997 (die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997 skriftelik by of tot die Uitvoerende Direkteur by bovermelde adres of by Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: F. Pohl & Vennote Ing., Fehrsenstraat 461, Brooklyn; Posbus 650, Groenkloof, 0027.

5-12

NOTICE 3249 OF 1997

PRETORIA AMENDMENT SCHEME

I, Daniel Francois Meyer, being the authorised agent of the owner of the Remaining Extent of Portion 24 of the farm Groenkloof 358 JR, hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the City Council of Pretoria for the amendment of the town-planning scheme known as Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of the property described above, situated to the south of Road 101, on the northern portion of the Voortrekker Monument property, from "Private Open Space" to "Private Open Space" including a cellular telephonic communications reception tower.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: City Planning and Development Department, Land Use Rights Division, First Floor, Boland Bank Building, corner of Paul Kruger and Vermeulen Streets, Pretoria, for a period of 28 days from 5 November 1997 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Executive Director at the above address or at P.O. Box 3242, Pretoria, 0001, within a period of 28 days from 5 November 1997.

Address of owner: C/o The African Planning Partnership (TAPP), 165 Leeuwpoot Street (P.O. Box 2256), Boksburg, 1460. Tel. (011) 917-0146.

KENNISGEWING 3249 VAN 1997

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA

Ek, Daniel Francois Meyer, die gemagtigde agent van die eienaar van die Restant van Gedeelte 24 van die plaas Groenkloof 358 JR, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema in werking bekend as Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë ten suide van Pad R101 en op die noordelike gedeelte van Voortrekker Monument-terrein, vanaf "Privaat Oop Ruimte" na "Privaat Oop Ruimte" insluitende 'n sellulêre telefoniese kommunikasie-ontvangstoring.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Departement Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Grondgebruiksregte, Eerste Verdieping, Boland Bankgebou, hoek van Paul Kruger- en Vermeulenstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Adres van eienaar: P.a. The African Planning Partnership, Leeuwpootstraat 165 (Posbus 2256), Boksburg, 1460. Tel. (011) 917-0146.

29-5-12

NOTICE 3315 OF 1997

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT No. 3 OF 1996)

I, Jacobus Cornelis Nieuwoudt, being the authorised agent of the owner of Erf 389, Waverley, hereby give notice in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act No. 3 of 1996), that I have applied to the City Council of Pretoria for the removal of restrictive conditions in Title Deed T91856/1995 and simultaneous amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, in respect of Erf 389, Waverley, situated at 1384 Walter Avenue, from "Special Residential" to "Special" for a dwelling-house and/or a guest-house with dining- and conference facilities, subject to certain conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: City Planning and Development Department, Land Use Rights Division, Boland Bank Building, corner of Paul Kruger and Vermeulen Streets, Pretoria, for a period of 28 days from 5 November 1997.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the local authority at the above street address or at P.O. Box 3242, Pretoria, 0001, within a period of 28 days from 5 November 1997, viz 3 December 1997.

Postal address of authorised agent: African Planning Solutions, P.O. Box 1831, Groenkloof, 0027.

Physical address of authorised agent: 12 Embassy Crescent, Momentum Park, 0105.

NOTICE 3317 OF 1997

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT No. 3 OF 1996)

Notice is hereby given in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that we, Tinie Bezuidenhout and Associates, have applied to the Northern Metropolitan Local Council for the removal of certain conditions in the title deed of Erf 29, Pine Park, situated on the eastern side of Windeena Avenue, Pine Park, in order to relax the building lines.

The application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Director of Planning, Ground Floor, 312 Kent Avenue, Randburg, for a period of 28 days from 5 November 1997.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect of the application may submit such objections or representations, in writing, to the Director of Planning at the above address or at Private Bag 1, Randburg, 2125, within a period of 28 days from 5 November 1997.

NOTICE 3318 OF 1997

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT No. 3 OF 1996)

I, Schalk Willem Botes, being the authorised agent of the owner hereby give notice in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that I have applied to the Northern Metropolitan Local Council (Greater Johannesburg) for the removal of certain conditions contained in the title deed of Erf 136, Bordeaux, which property is situated at 7 Maxwell Avenue, and the simultaneous amendment of the Randburg Town-planning Scheme, 1976, by the rezoning of the property, from "Residential 1" with a density of one dwelling per erf to "Special" for dwelling-house offices.

KENNISGEWING 3315 VAN 1997

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

Ek, Jacobus Cornelis Nieuwoudt, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 389, Waverley, gee hiermee kennis ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet No. 3 van 1996), dat ek aansoek gedoen het by die Stadsraad van Pretoria vir die verwydering van beperkende titelvoorwaardes in Titelakte T91856/1995, en gelyktydige wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, ten opsigte van Erf 389, Waverley, geleë te Walterlaan 1384, vanaf "Spesiale Woon" tot "Spesiaal" vir 'n woonhuis en/of gastehuis met eet- en konferensie-fasiliteite, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Departement Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Grondgebruiksregte, Boland Bankgebou, hoek van Paul Kruger- en Vermeulenstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet skriftelik aan bovermelde plaaslike bestuur gerig word by bovermelde straatadres of by Posbus 3242, Pretoria, 0001, binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997, synde 3 Desember 1997.

Posadres van gemagtigde agent: African Planning Solutions, Posbus 1831, Groenkloof, 0027.

Fisiese adres van gemagtigde agent: Embassysingel 12, Momentum Park, 0105.

5-12

KENNISGEWING 3317 VAN 1997

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

Kennis geskied hiermee dat ons, Tinie Bezuidenhout en Medewerkers, ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, by die Noordelike Metropolitaanse Plaaslike Bestuur aansoek gedoen het vir die opheffing van sekere titelvoorwaardes in die titelakte van Erf 29, Pine Park, geleë aan die oostekant van Windeenaalaa, Pine Park, ten einde die boulyn te verslap.

Die aansoek lê ter insae gedurende normale kantoorure by die kantoor van die Direkteur van Beplanning, Grondvloer, Kentlaan 312, Randburg, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen die aansoek of wil vertoë rig ten opsigte van die aansoek moet sodanige besware of vertoë skriftelik by of tot die Direkteur van Beplanning indien of rig by bovermelde adres of by Privaatsak X1, Randburg, 2125, binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997.

5-12

KENNISGEWING 3318 VAN 1997

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

Ek, Schalk Willem Botes, die gemagtigde agent van die eienaar, gee hiermee kennis ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, dat ek aansoek gedoen het by die Noordelike Metropolitaanse Plaaslike Raad (Groter Johannesburg) om die opheffing van sekere voorwaardes in die titelakte van Erf 136, Bordeaux, geleë te Maxwell-laan 7, Bordeaux, en gelyktydige wysiging van die Randburg-dorpsbeplanningskema, 1976, deur die hersonering van die eiendom, vanaf "Residensieel 1" met 'n digtheid van een woonhuis per erf na "Spesiaal" vir woonhuiskantore.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the said authorised local authority, Department of Planning and Urbanisation, Ground Floor, 312 Kent Avenue, Randburg, from 5 November 1997.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing with the said authorised local authority at its address and room number specified above or at Private Bag 1, Randburg, 2125, on or before 3 December 1997.

Name and address of agent: Schalk Botes Town Planner CC, P.O. Box 1833, Randburg, 2125. Tel. (011) 793-5441.

Date of first publication: 5 November 1997.

NOTICE 3319 OF 1997

NOTICE OF APPLICATION IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996, AND REGULATIONS 19 (5) AND 19 (7) OF THE TOWNSHIP ESTABLISHMENT AND LAND USE REGULATIONS, 1986

Notice is hereby given in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, and regulation 19 (5) and 19 (7) of the Township Establishment and Land Use Regulations (September 1986) that I, Johannes du Plessis van Zyl, have applied to the Germiston TLC for—

- (1) the amendment/suspension of certain conditions of establishment and the simultaneous amendment of the General Plan L No. 9495/1996, of Portions 71, 72 and 73 of Erf 2249, Likole Extension 1, Katlehong;
- (2) the amendment/suspension of certain conditions of establishment and the simultaneous amendment of the General Plan L No. 9497/1996 Portions 53, 54, 55, 56, 57, 58, 59 and a portion of Portion 144 of Erf 181, Silumaview, Katlehong.

The applications will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Engineer, Third Floor, Samie Building, corner of Queen and Spilsbury Streets, Germiston.

Any such person who wishes to object to the applications or submit representations may submit such objections in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 145, Germiston, 1400, on or before 5 December 1997 [28 days from the first notice in the *Provincial Gazette* as contemplated in section 5 (5) (a)].

NOTICE 3320 OF 1997

TOWN COUNCIL OF CENTURION

ANNEXURE A

GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT

It is hereby notified in terms of section 5 of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act No. 3 of 1996), that the application mentioned in the Annexure has been lodged with the Town Clerk of the City Council of Centurion by Shamsodeen Dawood, and is open for inspection during normal office hours at the office of the Chief Town Planner, corner of Basden Avenue and Rabie Street, The Hoewes, Centurion.

Any objection, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Town Clerk of Centurion, P.O. Box 14013, Centurion, 0140, and the applicant not later than 28 days of the publication of the first advertisement in the press.

APPLICATION

Particulars of the application

1. *Property description:* Remaining Extent of the farm Rickaletta 387 JR, of the Province of Gauteng.

Alle tersaaklike dokumentasie in verband met die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die genoemde gemagtigde plaaslike bestuur, Departement Beplanning en Verstedeliking, Grondvloer, Kentlaan 312, Ferndale, Randburg, vanaf 5 November 1997.

Enige persoon wat beswaar teen die aansoek wil aanteken of verhoë ten opsigte daarvan wil rig, moet dit skriftelik by genoemde gemagtigde plaaslike bestuur by sy adres en kantoornummer, soos hierbo genoem, of by Private Sak 1, Randburg, 2125, op of voor 3 Desember 1997 indien.

Naam en adres van agent: Schalk Botes Stadsbeplanner BK, Posbus 1833, Randburg, 2125. Tel. (011) 793-5441.

Datum van eerste publikasie: 5 November 1997.

5-12

KENNISGEWING 3319 VAN 1997

KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996, EN REGULASIE 19 (5) EN 19 (7) VAN DIE REGULASIE BETREFFENDE DORPSTIGTING EN GRONDGEBRUIK, 1986

Kennis geskied hiermee dat ek, Johannes du Plessis van Zyl, in terme van artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, en regulasie 19 (5) en 19 (7) van die Regulasies betreffende Dorpstigting en Grondgebruik, 1986, aansoek gedoen het by die POR van Groter Germiston om—

- (1) die opheffing, wysiging of verwydering van sekere dorpsstigtingsvoorwaardes en die gelyktydige wysiging van Algemene Plan L No. 9495/1996 van Gedeeltes 71, 72 en 73 van Erf 2249, Likole-uitbreiding 1, Katlehong;
- (2) die opheffing, wysiging of verwydering van sekere dorpsstigtingsvoorwaardes en die gelyktydige wysiging van die Algemene Plan L No. 9497/1996 van Gedeeltes 53, 54, 55, 56, 57, 58, 59 en 'n gedeelte van Gedeelte 144 van Erf 181, Silumaview, Katlehong.

Die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsingenieur, Derde Verdieping, hoek van Queen- en Spilsburystraat, Germiston.

Enige persoon wat beswaar wil maak of verhoë wil rig teen die aansoek moet sodanige beswaar of verhoë skriftelik tot die Stadsklerk rig by bogenoemde adres of by Posbus 145, Germiston, 1400, voor of op 5 Desember 1997 [28 dae vanaf eerste kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* soos beoog in artikel 5 (5) (a)].

5-12

KENNISGEWING 3320 VAN 1997

STADSRAAD VAN CENTURION

BYLAE A

GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 5 van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet No. 3 van 1996), kennis gegee dat die aansoek by die Stadsklerk van Centurion Stadsraad ingedien is deur Shamsodeen Dawood, en ter insae lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Hoof Stadsbeplanner, hoek van Basdenlaan en Rabiestraat, Die Hoewes, Centurion.

Enige beswaar, met volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Stadsklerk van Centurion, Posbus 14013, Centurion, 0140, nie later nie as 28 dae na publikasie van die eerste advertensie in die pers ingedien word.

AANSOEK

Besonderhede van die aansoek

1. *Eiendomsbeskrywing:* Resterende Gedeelte van die plaas Rickaletta 387 JR, provinsie Gauteng.

2. *Conditions* (quote number and conditions): Removal of condition A (iii).
3. *Proposed amendment of conditions*: Chicken abattoir and business outlet.

Address of agent/applicant: 208 Himalaya Street, Laudium, 0037.
Tel. (012) 374-2527.

2. *Voorwaarde* (kwoteer nommer en voorwaarde): Opheffing van A (iii).
3. *Voorgestelde wysiging van voorwaarde*: Hoenderslagpale en winkel.

Adres of agent/applikant: Himalayastraat 208, Laudium, 0037.
Tel. (012) 374-2527.

5-12

NOTICE 3321 OF 1997

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT No. 3 OF 1996)

I, Elizabeth Jean Heydenrych, being the authorised agent of the owner hereby give notice in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that I have applied to the Eastern Metropolitan Local Council for the removal of certain conditions contained in the title deed of Erf 491, Saxonwold, which property is situated at 9 Waltham Road, on the corner of Restanwold Drive, Saxonwold.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the said authorised local authority at Urban Planning and Development, Ground Floor, Building 1, Norwich-on-Grayston, corner of Grayston Drive and Linden Road, Sandton, from 5 November until 3 December 1997.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing with the said authorised local authority at its address and room number specified above on or before 3 December 1997.

Date of first publication: 5 November 1997.

Address of owner: C/o Beth Heydenrych and Associates, P.O. Box 91965, Auckland Park, 2006.

KENNISGEWING 3321 VAN 1997

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

Ek, Elizabeth Jean Heydenrych, synde die gemagtigde agent van die eienaar gee hiermee kennis ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, dat ek aansoek gedoen het by die Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Raad vir die opheffing van sekere voorwaardes vervat in die titelakte van Erf 491, Saxonwold.

Alle betrokke dokumente wat verband hou met die aansoek sal gedurende normale kantoorure beskikbaar wees by die kantoor van die gemelde gemagtigde plaaslike owerheid te Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Grondvloer, Gebou 1, Norwich-on-Grayston, hoek van Graystonrylaan en Lindenweg, Sandton, vanaf 5 November tot 3 Desember 1997.

Enige persoon wat wil beswaar aanteken teen die aansoek of teen die voorgestelde voorstelling ten opsigte daarvan moet geskrewe besware indien by die plaaslike owerheid by sy adres soos hierbo gespesifiseer op of voor 3 Desember 1997.

Datum van eerste publikasie: 5 November 1997.

Naam en adres van eienaar: P.a. Beth Heydenrych and Associates, Posbus 91965, Auckland Park, 2006.

5-12

NOTICE 3322 OF 1997

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT No. 3 OF 1996)

We, Hunter, Theron & Zietsman Inc., being the authorised agents of the owners hereby give notice in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act No. 3 of 1996), that we have applied to the Northern Metropolitan Substructure for the removal of conditions 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10 (a), 10 (b), 11 and 12, inclusive in Deed of Transfer No. T30007/1986 pertaining to Portion 1 of Erf 1471, Northcliff Extension 4 Township, as well as conditions (b), (c), (d), (e), (f), (g), (h), (i), (j), (k), (l) (i), (l) (ii), (m), and (n), inclusive in Deed of Transfer No. T31741/1987 pertaining to Portion 2 of Erf 1471, Northcliff Extension 4 Township, which properties are located to the south-west of D. F. Malan Drive, and the simultaneous amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the properties, from "Residential 1" to "Special" (filling station and ancillary land uses), subject to certain relevant conditions.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the Chief Executive Officer, Room A204, Northern Metropolitan Substructure (Municipal Offices), corner of Jan Smuts Avenue and Hendrik Verwoerd Drive, for a period of 28 days from 5 November 1997, until 3 December 1997.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing to the Chief Executive Officer at the above address or at Private Bag X1, Randburg, 2125, on or before 3 December 1997.

Date of first publication: 5 November 1997.

Address of agent: Hunter, Theron & Zietsman Inc., P.O. Box 489, Florida Hills, 1716. Tel. (011) 472-1613. Fax (011) 472-3454.

(Reference No.: 896REM.ADS)

KENNISGEWING 3322 VAN 1997

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

Ons, Hunter, Theron & Zietsman Ing., synde die gemagtigde agente van die eienaars gee hiermee kennis ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet No. 3 van 1996) dat ons aansoek gedoen het by die Noordelike Metropolitaanse Substruktuur vir die opheffing van voorwaardes 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10 (a), 10 (b), 11 en 12, insluitend in Akte van Transport No. T30007/1986 vir Gedeelte 1 van Erf 1471, van die dorp Northcliff-uitbreiding 4, asook voorwaardes (b), (c), (d), (e), (f), (g), (h), (i), (j), (k), (l) (i), (l) (ii), (m), en (n), insluitend in Akte van Transport No. T31741/1987 vir Gedeelte 2 van Erf 1471 van die dorp Northcliff-uitbreiding 4, geleë ten suidweste van D. F. Malanrylaan, asook 'n gesamentlike aansoek doen om die wysiging van die Johannesburg-dorpsbeplanningskema, 1979, deur die hersonering van die eiendomme hierbo beskryf, van "Residensiële 1" tot "Spesiaal" (vulstasie en aanverwante grondgebruike), onderworpe aan sekere toepaslike voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Hoof- Uitvoerende Beampste, Kamer A204, Noordelike Metropolitaanse Substruktuur (Munisipale Kantore), hoek van Jan Smutslaan en Hendrik Verwoerdrylaan, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997 tot op 3 Desember 1997.

Besware teen of versoë ten opsigte van die aansoek moet voor of op 3 Desember 1997 skriftelik by of tot die Hoof- Uitvoerende Beampste by bovermelde adres of by Privaatsak X1, Randburg, 2125, ingedien of gerig word.

Datum van eerste publikasie: 5 November 1997.

Adres van agent: Hunter, Theron & Zietsman Ing., Posbus 489, Florida Hills, 1716. Tel. (011) 472-1613. Faks (011) 472-3454.

(Verwysing No.: 896REM.ADS)

5-12

NOTICE 3324 OF 1997

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT No. 3 OF 1996)

I, Alida Susanna Steyn, being the authorised agent of the owner of Erf 282, Parkwood, hereby give notice in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act No. 3 of 1996), that I have applied to the Eastern Metropolitan Local Council, for—

- (1) the removal of condition b from the relevant Title Deed T16540/1983;
- (2) the amendment of the town-planning scheme known as Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erf 282, Parkwood, situated at 123 Jan Smuts Avenue, Parkwood, from "Residential 1" to "Residential 1" plus offices as a primary right, in order to accommodate offices on the erf.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Chief Executive Officer: Urban Planning and Development, Eastern Metropolitan Local Council, Block 1, Ground Floor, Norwich-on-Grayston Office Park, corner of Grayston Avenue and Linden Road, Strathavon, for a period of 28 (twenty-eight) days from 5 November 1997.

Objections to or representation in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Chief Executive Officer: Urban Planning and Development, Eastern Metropolitan Local Council at the above address, or at P.O. Box 584, Strathavon, 2031, within a period of 28 (twenty-eight) days from 5 November 1997.

Address of agent: Alida Steyn, P.O. Box 1956, Florida, 1710. Tel. 472-3680/1.

NOTICE 3325 OF 1997

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1986 (ACT No. 3 OF 1996)

We, Van Zyl & Benadé Town and Regional Planners, being the authorised agent of the owner of Erf 53, Murrayfield, hereby gives notice in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that we have applied to the City Council of Pretoria for the removal of certain conditions in the title deed of the property described above, situated at 23 Clyde Street, Murrayfield, and the simultaneous amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of the property, from "Special Residential" to "Group Housing" with a density of eight dwelling-units per hectare.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: City Planning and Development, Division Land Use Rights, First Floor, Boland Bank Building, corner of Paul Kruger and Vermeulen Streets, Pretoria, for a period of 28 days from 5 November 1997 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Executive Director: City Planning and Development at the above address or P.O. Box 3242, Pretoria, 0001, within a period of 28 days from 5 November 1997.

Address of agent: Van Zyl & Benadé Town and Regional Planners, P.O. Box 32709, Glenstantia, 0010.

NOTICE 3326 OF 1997

WESTONARIA AMENDMENT SCHEME 82

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT No. 3 OF 1996)

I, Johannes Ernst De Wet, being the authorised agent of the owner of Erf 1184, Westonaria, situated in Edwards Avenue, Westonaria, hereby give notice in terms of section 5 (5) of the Town-

2118273—B

KENNISGEWING 3324 VAN 1997

KENNISGEWING VAN AANSOEK INGEVOLGE ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

Ek, Alida Susanna Steyn, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 282, Parkwood, gee hiermee ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet No. 3 van 1996), kennis dat ek by die Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Raad aansoek gedoen het vir—

- (1) die opheffing van voorwaarde b in die relevante Titellakte T16540/1983;
- (2) die gelyktydige wysiging van die Johannesburg-dorpsbeplanningskema, 1979, deur die hersonering van Erf 282, Parkwood, geleë te 123 Jan Smutslaan, Parkwood, vanaf "Residensiële 1" na "Residensiële 1" plus kantore as 'n primêre reg, ten einde kantore op die eiendom te akkomodeer.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Strategiese Uitvoerende Beampte: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Raad, Blok 1, Grondvloer, Norwich-on-Grayston Kantoorpark, hoek van Graystonlaan en Lindenweg, Strathavon, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997.

Besware of verdoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997 skriftelik by of tot die Strategiese Uitvoerende Beampte: Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Raad, by bostaande adres of Posbus 584, Strathavon, 2031, ingedien of gerig word.

Adres van agent: Alida Steyn, Posbus 1956, Florida, 1710. Tel. 472-3680/1.

5-12

KENNISGEWING 3325 VAN 1997

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

Ons, Van Zyl & Benadé Stads- en Streekbeplanners, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 53, Murrayfield, gee hiermee ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, kennis dat ons by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die opheffing van sekere voorwaardes in die titellakte van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Clydestraat 23, Murrayfield, en die gelyktydige wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, deur die hersonering van die eiendom, van "Spesiale Woon" tot "Groepsbehuising".

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Grondgebruiksregte, Eerste Verdieping, Boland Bankgebou, hoek van Paul Kruger- en Vermeulenstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997.

Besware teen of verdoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997 skriftelik by of tot die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling by bovermelde adres of by Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Adres van agent: Van Zyl & Benadé Stads- en Streekbeplanners, Posbus 32709, Glenstantia, 0010.

5-12

KENNISGEWING 3326 VAN 1997

WESTONARIA-WYSIGINGSKEMA 82

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

Ek, Johannes Ernst de Wet, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 1184, Westonaria, geleë te Edwardslaan, Westonaria, gee hiermee ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng

planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Transitional Local Council of Westonaria for the amendment of the town-planning scheme known as Westonaria Town-planning Scheme, 1981, by—

- (1) the rezoning of Erf 1184, Westonaria, from "Residential 1" to "Special" for a dwelling-house, dwelling-house offices, professional and medical consulting rooms and related activities; and
- (2) the upliftment of conditions 11 and 12 from the Deed of Transfer T41171/1995 of Erf 1184, Westonaria.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Town Hall, Westonaria, and Wesplan & Associates, 81 Von Brandis Street, Krugersdorp, for a period of 28 days from 5 November 1997 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the applications must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 19, Westonaria, 1780, and at Wesplan & Associates, P.O. Box 7149, Krugersdorp North, within a period of 28 days from 5 November 1997.

NOTICE 3330 OF 1997

CITY COUNCIL OF PRETORIA

FIRST SCHEDULE

(Regulation 5)

NOTICE OF DIVISION OF LAND

The City Council of Pretoria hereby gives notice, in terms of section 6 (8) (a) of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance No. 20 of 1986), that an application to divide the land described below has been received.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the City Secretary, Room 1410, Fourteenth Floor, Saambou Building, 227 Andries Street, Pretoria.

Any person who wishes to object to the granting of the application or to make representations in regard of the application shall submit his objections or representations in writing and in duplicate to the City Secretary at the above address or post them to P.O. Box 440, Pretoria, 0001, at any time within a period of 28 days from the date of the first publication of this notice.

Date of first publication: 5 November 1997.

Description of land: Holding 120, Bon Accord Agricultural Holdings.

Number and area of proposed portions:

Proposed Portion 1, in extent approximately .	1 254 ha
Proposed Remainder, in extent approximately	1 596 ha
TOTAL	2 850 ha

(K13/5/3/Bon Accord LBH-120)

City Secretary.

5 November 1997 and 12 November 1997.

(Notice No. 741/1997)

NOTICE 3331 OF 1997

PRETORIA AMENDMENT SCHEME

I, Jacobus Cornelis Nieuwoudt, being the authorised agent of the owner of the Remainder of Portion 2 of Erf 269, Mayville, hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that I have applied to the City Council of Pretoria for the amendment of the town-planning scheme in operation known as Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of the property described above, situated at 220 Baan Street, from "Special" (Annexure B 1049) to "General Business", subject to certain conditions.

Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet No. 3 van 1996), kennis dat ek by die Plaaslike Oorgangsraad van Westonaria aansoek gedoen het vir die wysiging van die Westonaria-dorpsbeplanningskema, 1981, deur—

- (1) die hersonering van Erf 1184, Westonaria, vanaf "Residensieel 1" na "Spesiaal" vir 'n woonhuis, woonhuis-kantore, professionele- en mediese spreekkamers en aanverwante gebruike; en
- (2) die opheffing van beperkende titelvoorwaardes 11 en 12 uit die Akte van Transport T41171/1995 ten opsigte van Erf 1184, Westonaria.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Stadshuis, Westonaria, en by die kantore van Wesplan & Assosiate, Von Brandisstraat 81, hoek van Fonteinstraat, Krugersdorp, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of versoë ten opsigte van die aansoeke moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 November 1997 skriftelik by die Stadsklerk, by die bovermelde adres of by Posbus 19, Westonaria, 1780, en by Wesplan & Assosiate, Posbus 7149, Krugersdorp-Noord, ingedien word.

5-12

KENNISGEWING 3330 VAN 1997

STADSRAAD VAN PRETORIA

EERSTE BYLAE

(Regulasie 5)

KENNISGEWING VAN VERDELING VAN GROND

Die Stadsraad van Pretoria gee hiermee, ingevolge artikel 6 (8) (a) van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie No. 20 van 1986), kennis dat 'n aansoek ontvang is om die grond hieronder beskryf, te verdeel.

Nadere besonderhede van die aansoek lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 1410, Veertiende Verdieping, Saambougebou, Andriesstraat 277, Pretoria.

Enige persoon wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of versoë in verband daarmee wil rig, moet sy besware of versoë skriftelik en in tweevoud by die Stadsekretaris by bovermelde adres of aan Posbus 440, Pretoria, 0001, pos, te eniger tyd binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing.

Datum van eerste publikasie: 5 November 1997.

Beskrywing van grond: Hoewe 120, Bon Accord-landbouhoewes.

Getal en oppervlakte van voorgestelde gedeeltes:

Voorgestelde Gedeelte 1, groot ongeveer	1 254 ha
